MATIE-land



JAARGANG 7 NOMMER 1 APRIL 1963

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Versprei u beleggings en beveilig u kapitaal

Belê u spaarfondse deur

Federale Volksbeleggings Beperk

Vir besonderhede skryf aan:

POSBUS 3079,
KAAPSTAD.

POSBUS 2911,
JOHANNESBURG.

POSBUS 333,
BLOEMFONTEIN.

V&R 3529A



Oude Meester

Likeurbrandewyn

EERSTE PRYS EN GOUE MEDALJE, LONDEN
HALFEEUSE RYKSWYNTENTOONSTELLING

GENIET DIE BESTE!

Geniet Suid-Afrika se

HEERLIKSTE

VRUGTE EN GROENTE

Dit is vir u ingemaak deur...

KOO

LS 2058A

VOETGEMAK
vir elke
VOETGROOTTE

Wolnit Super Wol/reksokkies is behaaglik sag, pas elke voet volmaak en weier om gedaan te raak!

★ KRIMPVRY ★ HIGIËNIES ★ G'N STOPWERK NIE

VERTROETEL U VOETE IN

Wolnit SUPER WOL/R-E-K- SOKKIES *ORAL BY GOEIE UITRUSTERS . . .*

BIERMANSKAP!

LEEUPLESIER!

VZ004034/1

MATIELAND

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS

DEUR DIE

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN

R. P. CONRADIE

MET MEDEWERKING VAN

DIE AFDELING OPENBARE BETREKKINGE

JAARGANG 7 NO. 1 APRIL 1963

INHOUD

REDAKSIONEEL

Die Universiteit en die Kweekskool 7

UNIVERSITEITSNUUS

Nuwe Aanstellings 8
Nuwe Kursusse 9
Dosente Oorsee 9
Hoë Onderskeidings vir U.S. Professore 10
Dosente Neem Afskeid 10
Dosente Vertrek 11
Duitse Wetenskaplikes besoek Stellenbosch 11
Kortkursus vir Sielkundiges 12
Die Eeufeesfonds Verhoog Sy Mikpunt 13
Die Amptelike Opening van die Universiteit 14
Die Miljoenste Kaartjie 16

ARTIKELS

Gradedag 1962 18
Ontwikkelings aan die Universiteit 23
Spanwerk in Koringnavorsing 25
„Ikeys, Ons Kry Julle Jammer!" 29

SÓ ONTHOU EK MATIELAND 33
SÓ BOU HULLE MATIELAND 35
OUD-MATIEBONDTAKKE 37
VAN HEINDE EN VÉR 38
DIE „MATIELAND"-FONDS 41
ONS EER HUL NAGEDAGTENIS 42

VOORBLADFOTO:

Deegkwaliteit word in die Graantegnologie-laboratorium bepaal.

Foto: Christo S. Botha.

Die Universiteit en die Kweekskool

WANNEER die ontwikkelingsgeskiedenis van die Universiteit nagegaan word, moet die verwantskap tussen die Kweekskool en die Universiteit noodwendig ook onder die soeklig kom. Die lotgevalle van dié twee inrigtings was jare lank so eng met mekaar verwewe dat dit nie altyd tot die buitestaander deurdring dat hy met twee onafhanklike inrigtings te doen het nie. Juis daarom bestaan die gevaar dat die betekenisvolle verandering wat met ingang 1963 in hierdie verband ingetree het, min of meer onopgemerk verbygaan.

Die noue samewerking tussen die twee inrigtings kan histories verklaar word. Een van die vernaamste redes vir die daarstelling van 'n inrigting vir hoër onderwys op Stellenbosch, waaruit die Universiteit met verloop van tyd ontwikkel het, was die behoefte aan die nodige vóóropleiding vir studente van die Kweekskool. Die doel van die Stellenbosse Gimnasium word in 1864 aangegee as „een grondig onderwijs in de vakken, welke tot een beschaafde opvoeding gereekend worden; die voorbereiding tot het Admissie Examen voor het Theologiese Kweekskool en het Goewermentsexamen . . . ." Naas die algemeen opvoedkundige doelstelling, was die voorbereidende studie vir toelating tot die Kweekskool dus die eerste oogmerk.

Dieselfde persone het by albei die inrigtings belang gehad. Met reg kan gesê word dat ds. J. H. Neethling en die twee hoogleraars van die Kweekskool, t.w. prof. J. Murray en prof. N. J. Hofmeyr, die vaders van hoër onderwys op Stellenbosch was. Geen wonder nie dat die opleiding aan die Gimnasium dus beslis godsdienstig en Hollands-Afrikaans georiënteerd was. Die Kweekskool was bedoel om Afrikaanse predikante op te lei, en die strewe na 'n inrigting vir hoër onderwys was in 'n mate ook die natuurlike reaksie van die Afrikaners teen die beleid van verengelsing in daardie dae.

Van die begin af was daar dus eenheid van doel en strewe. Daarby kom nog dat die twee inrigtings in dieselfde plattelandse dorp gevestig was. Dit moes noodwendig tot wedersydse hulpverlening en beïnvloeding en tot vrugbare samewerking lei.

Tog, in weerwil hiervan, het die twee inrigtings onafhanklik van mekaar gebly. Die eertydse Gimnasium het uiteindelik 'n selfstandige Universiteit geword terwyl die Kweekskool onder beheer van die Kerk gebly het. Uiteindelik is daar egter, na lang onderhandelings, 'n ooreenkoms tussen die Universiteit en die Kerk bereik, waarvolgens die Kweekskool nou by die Universiteit ingeskakel is. Dit span die kroon op 'n honderd jaar van hartlike samewerking.

Die Kweekskool het in werklikheid nou die Fakulteit van Godgeleerdheid van die Universiteit geword. Volgens die ooreenkoms ressorteer die gewone Kweekskoolopleiding van die begin van 1963 af onder dié Fakulteit, terwyl die Fakulteitsraad van Godgeleerdheid — wat uit die dosente van die Fakulteit bestaan — nou, net soos enige ander fakulteitsraad, as 'n komitee van die Senaat fungeer. Die dosente van die Kweekskool is nou dosente van die Universiteit, en word as sodanig behandel ten opsigte van vergoeding, lidmaatskap van die Voorsorgfonds, verlofvoorregte en aftree-leeftyd. Die dosente wat as professore aangestel is, is volwaardige lede van die Senaat van die Universiteit.

Die studente van die Kweekskool skryf voortaan in as studente van die Universiteit en betaal ook hulle onderrig- en ander gelde aan die Universiteit. Hulle mag vryelik gebruik maak van alle fasiliteite van die Universiteit, insluitende inwoning in 'n Universiteitskoshuis, en hulle sal ook op die Studenteraad en ander studenteliggame kan dien.

Hierdie verandering is in belang van sowel die Universiteit as die N.G. Kerk en die Kweekskool. Die Universiteit se Fakulteit van Godgeleerdheid kry nou groter en ryker inhoud, en kan nou tot voller en gesonder ontwikkeling kom. Vir die N.G. Kerk bring die ooreenkoms groter en ruimer fasiliteite vir die opleiding van evangeliedienaars mee, terwyl die

Kerk nie beheer oor die Kweekskool as sodanig prysgee nie. Vir die Kweekskool as opvoedkundige inrigting beteken die ooreenkoms 'n stimulus tot hernieude groei en ontwikkeling.

Die ooreenkoms word deur die belanghebbende partye van harte verwelkom. Nog meer as in die verlede, sal die twee inrigtings mekaar onder die nuwe bedeling tot blywende voordeel van ons volk en ons hele land, wederkerig kan beïnvloed en stimuleer.

UNIVERSITEITSNUUS

Nuwe Aanstellings

DR. J. F. KEMP is met ingang 1 Januarie 1963 as hoogleraar in die Werktuigkundige Ingenieurswese in die plek van prof. R. L. Straszacker aangestel.

Dr. Kemp het die grade B.Sc.Ing. en M.Ing. met lof aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Vanaf Januarie 1951 tot April 1952 was hy as leerling-ingenieur by die Suid-Afrikaanse Spoorweë in Pretoria werksaam. In Mei 1952 tree hy toe tot die personeel van die W.N.N.R. as Assistent-Navorsingsbeampte in die Nasionale Navorsingsinstituut vir Meganiese Ingenieurswese. In 1956 word dr. Kemp Hoof van die Afdeling Lugmeganika en daarna is hy bevorder tot Eerste Navorsingsbeampte. Aan die einde van 1958 verwerf hy die graad Ph.D.(Ing.) met lof aan die Universiteit van Stellenbosch op die proefskrif „Ontwikkeling van Lugdinamiese Meetinstrumente".

Dr. Kemp het met die oog op verdere studie en ondervinding in die ingenieursbedryf vir 'n tydperk van twee jaar in die buiteland vertoef. Gedurende 1954 het hy in Engeland, Skotland en Duitsland opleiding in laespoed- en hoëspoedlugdinamika en hidromeganika geniet. Ná die verwerwing van sy doktorsgraad in 1958, het dr. Kemp met 'n studiebeurs van die Austin Motormaatskappy vir een jaar as navorsingstudent aan die Universiteit van Cambridge ingeskryf.

Prof. Dr. J. F. Kemp

Sedert Februarie 1962 was hy senior lektor aan die Universiteit van Pretoria. 'n Groot aantal wetenskaplike publikasies het reeds in verskeie vaktydskrifte uit die pen van dr. Kemp verskyn.

DR. M. C. H. SONNEKUS is met ingang 1 Januarie 1963 aangestel as hoogleraar in die Opvoedkundige Sielkunde in die plek van prof. A. J. la Grange.

Dr. Sonnekus het die grade B.Comm., B.Ed. (met lof), M.Ed. en D.Ed. (met lof) aan die Universiteit van Pretoria verwerf en ook die doktorale eksamen in Opvoedkundige Sielkunde aan die Rijksuniversiteit van Utrecht afgelê.

Vir die jaar 1960 is die Nederlandse Assistentskapsbeurs, onder die Suid-Afrikaanse-Nederlandse Kultuurverdrag, aan dr. Sonnekus toegeken. Met behulp van hierdie beurs het hy aan die Pedagogiese Instituut van die Rijksuniversiteit van Utrecht navorsingsprojekte uitgevoer. Die werk het hoofsaaklik bestaan uit psigologies-pedagogiese ondersoeke met dowe, wanaangepaste, swakbegaafde, slegsiende en breinbeskadigde kinders.

Dr. Sonnekus is die afgelope tien jaar dosent in die Fakulteit van Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria. Aanvanklik as lektor en later as senior lektor, het hy hom intensief op wetenskaplike navorsing toegelê. Hy het reeds verskeie boeke, navorsingsprojekte, en tal van wetenskaplike artikels die lig laat sien.

Dr. Sonnekus vervul tans verskeie belangrike buite-universitêre pedagogiese pligte. Hy is o.a. Suid-Afrikaanse medewerker van die Jahrbuch für Heilpädagogik, Göppingen, Duitsland; sekretaris van die Suid-Afrikaanse Vereniging ter Bevordering van die Opvoedkunde; sekretaris van die Psigo- en Pedoterapeutiese Navorsingsprojek en Kinderleidingkliniek van die Universiteit van Pretoria en lid van die Komitee van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns met die opdrag om ondersoek in te stel na die aard en wese van intelligensie.

Prof. Dr. M. C. H. Sonnekus

Dr. C. H. van Niekerk is met ingang 1 Januarie 1963 aangestel as senior lektor en hoof van die Departement Veeartsenykunde in die plek van prof. O. T. de Villiers wat afgetree het. Dr. Van Niekerk het in 1950 die graad B.V.Sc. met lof aan die Universiteit van Pretoria behaal. Nadat hy 'n jaar lank staatsveearts was, het hy 'n privaat praktyk begin opbou. Tot aan die einde van 1962 het hy op Aliwal-Noord gepraktiseer.

Die volgende persone is ook met ingang 1 Januarie 1963 aangestel:

Dr. E. G. Meiring as senior lektor in Frans.

Mnr. J. P. L. Jonker as senior lektor in Sielkunde.

Mnr. C. J. Calitz as senior lektor in Elektrotegniese Ingenieurswese in die plek van mnr. R. N. Braae wat as professor aan die Rhodes-Universiteit aangestel is.

Dr. D. D. Joubert as senior lektor in Sosiologie.

Mnr. G. J. Stander as senior lektor in Opvoedkundige Sielkunde.

Mnr. H. W. Rossouw as senior lektor in Filosofie.

Mnr. P. J. Wentzel as lektor in Bantoetale.

Mnr. D. T. Visser as lektor in Rekeningkunde.

Mnr. A. Hogenbirk-Wynberger as lektor in Bedryfsekonomie.

Mnr. F. Hanekom, Hons.-B.A., as dosent in Geografie (Mil.).

Luit. G. J. Coetzee, B.Mil., as hulpdosent in Lugvaartkunde.

Matieland wens die nuwe dosente geluk met hulle aanstellings en heet hulle hartlik welkom aan die Universiteit. Mag hulle en hulle huisgesinne baie jare van gelukkige en vrugbare arbeid op Stellenbosch deurmaak.

Nuwe Kursusse

DIE Universiteitsraad het besluit om met ingang 1963 in sy Fakulteit van Geneeskunde 'n anderhalfjarige *Diplomakursus in die Verplegingsonderwys* en 'n driejarige *Graadkursus in die Verpleegkunde* in te stel. Die Universiteit het besluit om hierdie kursusse in te stel weens die nasionale behoefte wat daar bestaan aan opgeleide Suster-dosente en aan navorsers en skrywers op die gebied van die Verpleegkunde. In Kaapland is daar geen inrigting wat hierdie opleiding deur medium Afrikaans gee nie. Die Administrateur van Kaapland en die Direkteur van Hospitaaldienste het die Universiteit reeds geruime tyd gelede genader om, indien moontlik, voorsiening vir hierdie opleiding te maak.

Volle besonderhede oor die kursusse is verkrygbaar by Die Registrateur, Universiteit van Stellenbosch.

Dosente Oorsee

PROF. W. KEMPEN het gedurende Januarie en Februarie in Nederland navorsingswerk gedoen ten einde noodsaaklike materiaal in verband met sy verhandeling oor „Die Sisteem van die Frase en die Sin in Afrikaans" in te samel. In hierdie werk het prof. Kempen die volle samewerking van die Taalburo in Leuven, die „Woordenboek"-stigting in Leiden en die Dialectencommissie in Amsterdam gehad. Hy het ook die geleentheid gehad om intensief saam te werk met geleerdes soos dr. P. C. Paardekoper, en prof. A. W. de Groot wat reeds veel op hierdie gebied gepubliseer het.

Mnr. J. Gevers, lektor in die Verhoogtegniek aan die Universiteit van Stellenbosch, het gedurende die somervakansie vir ongeveer twee maande aan die Bristol Old Vic Theatre School in Engeland 'n studie gemaak van aangeleenthede i.v.m. die toneelregie, spraakonderrig, ens., wat vir die uitbouing van die Departement van Drama van belang sal wees.

Mnr. G. J. Hupkes, Hoofnavorsingsbeampte van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek van die Universiteit van Stellenbosch, is uitgenooi om die sesde internasionale konferensie van

die C.I.R.E.T.-organisasie (Contact International de Recherches Economiques Tendancielles) in April 1963 in Weenen, Oostenryk, by te woon. Mnr. Hupkes sal by dié geleentheid 'n referaat lewer oor „Die gebruikmaking van vooruitskattings deur individuele sakelui om toekomstige volksproduksie te bepaal". Ná die konferensie sal mnr. Hupkes ook enkele ekonomiese navorsingsinstitute in Europa besoek.

Hoë Onderskeiding vir U.S. Professore

PROF. G. L. F. HARTWIG, professor in Houtkunde, en *prof. P. B. ZEEMAN*, professor in Fisika, is benoem as lede van die Wetenskaplike Adviesraad van die Eerste Minister. Prof. Zeeman is ook benoem as lid van 'n komitee van die W.N.N.R. en die R.A.K. wat ondersoek moet instel en verslag moet doen oor die stappe wat gedoen behoort te word om 'n doeltreffende instandhoudingsdiens vir elektroniese apparaat te verkry, asook om 'n oplossing te vind vir die probleem van die tekort aan opgeleide elektronika-tegnici. Prof. Zeeman is ook lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en wel as verteenwoordiger van die afdeling Wis- en Natuurkunde van die Fakulteitsraad Natuurwetenskap en Tegniek.

PROF. A. C. CILLIERS, hoogleraar in Teoretiese Fisika, is benoem tot Voorsitter van die Adviserende Universiteitskomitee, in die plek van prof. R. W. Wilcocks wat die betrekking jarelank beklee het. Hierdie Komitee dien as skakel tussen die Regering en die universiteite. Sy vernaamste funksie is om toesig te hou oor die bestaande subsidieformules en elke vyf jaar aanbevelings daaroor te doen.

PROF. C. A. DU TOIT, professor in Dierkunde, is benoem as lid van die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad.

DOSENTE NEEM AFSKEID

(Foto: Christo S. Botha)

Nagenoeg 200 gaste het op 21 November die afskeidsgeselligheid wat die Rektor en mev. Thom ter ere van die vertrekkende personeellede aangebied het, bygewoon. Op die foto wat by dié geleentheid geneem is, word prof. O. S. H. Reinecke wat aan die einde van 1961, na 43 jaar as professor in Pomologie afgetree het, deur die Rektor verwelkom. Prof. Reinecke is die laaste van die 22 professore wat reeds in 1918, toe die Universiteit van Stellenbosch die ou Victoria-Kollege vervang het, op die personeel was. Die ander professore wat afgetree het, is prof. C. J. Theron (Wynbou-Enologie), prof. O. T. de Villiers (Veeartsenykunde) en prof. A. J. la Grange (Opvoedkundige Sielkunde) wat 'n betrekking by die Nasionale Raad vir Padveiligheid aanvaar het.

Dosente Vertrek

Dr. M. J. Olivier, lektor in Naturelle-administrasie, het op 1 April diens aanvaar as navorsingsassistent by die Afrika-Instituut.
Prof. C. J. B. Smit, professor in Voedselwetenskap, het onlangs na die V.S.A. vertrek waar hy 'n betrekking in die Voedselindustrie aanvaar het.

Duitse Wetenskaplikes Besoek Stellenbosch

'N GROEP Duitse wetenskaplikes wat die Republiek van 9 tot 24 Oktober 1962 besoek het, was op 23 Oktober die gaste van die Universiteit en die Stellenbosch-Elsenburg Landboukollege. Die besoekers is almal dosente in die Fakulteit van Veeartsenykunde aan die Vrye Universiteit van Wes-Berlyn, en het onder leiding van hulle Dekaan, prof. dr. Lukas Müller gestaan. Die hoofdoel van hul besoek was om vertroud te raak met die tropiese veesiektes wat in ons land voorkom, o.a. galsiekte, rooiwater en ooskuskoors.

Onder leiding van prof. O. T. de Villiers, prof. J. C. Swart en dr. G. L. Muller (assistent-hoof van die Veeartseny-Velddienste van die Landboudepartement) het die groep vlugtige besoeke gebring aan die K.W.V. in die Paarl, Bien Donne en Elsenburg, waar die Hoof, prof. M. H. Slabber, vir hulle 'n noenmaal aangebied het. Hulle was besonder beïndruk deur die welslae met die teel van Duitse merino's op Elsenburg en die hoë gehalte Friesbeeste.

In die namiddag was die groep die gaste van die Rektor. Nadat hulle die D. F. Malan-gebou vir Anatomie en Fisiologie besigtig het, het hulle saam met die Rektor in sy kantoor tee gedrink. By dié geleentheid het die leier van die groep 'n paar pragtige boeke oor die Humboldt-Universiteit, sy bedrywighede en betekenis, aan prof. Thom, wat 'n oud-student van hierdie Universiteit is, oorhandig. Die groep het Stellenbosch verlaat met geesdriftige waardering vir wat hulle hier gesien, ondervind en geleer het.

Mnr. P. J. van Rensburg van Elsenburg hou 'n Duitse merinolam vas terwyl die besoekers uit Duitsland belangstellend toekyk. Vyfde van links staan prof. O. T. de Villiers en vyfde van regs prof. J. C. Swart, Dekaan van die Fakulteit van Landbou. Langs prof. Swart (met die kamera) staan dr. Lukas Müller, Dekaan van die Fakulteit van Veeartsenykunde aan die Vrye Universiteit van Wes-Berlyn en leier van die groep.

KORTKURSUS VIR SIELKUNDIGES

'n Kortkursus vir die veldpersoneel van die Sielkundige Dienste van die Kaaplandse Onderwysdepartement is van 21 tot 25 Januarie 1963 deur die Departement van Sielkunde van die Universiteit van Stellenbosch aangebied. Die sentrale onderwerp vir studie en bespreking was die goeie breinkrag wat jaarliks verlore gaan deurdat begaafde leerlinge onderpresteer. Met enkele uitsonderings was die kursusgangers almal oud-Maties. Op die foto verskyn:

Agter v.l.n.r.: *Mnre. W. Steyn, N. H. Bernard, E. R. Ward, H. T. Pretorius.*

4de ry: *Mnre. W. Visser, J. P. Liebenberg, H. B. Kruger, D. J. du Toit, C. J. J. Reyneke, E. L. Conradie, J. P. L. Jonker.*

3de ry: *Mnre. J. A. van Aarde, J. B. van Rooyen, J. F. Millar, Mej. B. Williams, Mnre. J. C. E. Bouwer, E. Mesk, J. C. Neethling, P. v. A. van der Spuy.*

2de ry: *Dr. F. J. Loots, Mej. M. M. Steyl, Mnre. L. Nel, W. C. Gericke, J. Büchner, B. Olivier, A. du Preez, M. Potgieter, A. G. Botha, F. F. le Roux.*

Voorste ry: *Dr. N. J. du Preez, Mej. R. Louw, Dr. N. J. Heyns, Mej. M. J. Marais, Prof. A. B. van der Merwe, Mej. J. D. Fleck, Prof. J. M. du Toit, Mej. L. Putterill, Mnr. H. G. van Niekerk.*

Die Eeufeesfonds verhoog sy Eerste Mikpunt

BY geleentheid van die jongste vergadering van die Uitvoerende Komitee van die Eeufeesfonds (27 November 1962) op Stellenbosch, het die Algemene Voorsitter, **dr. M. S. Louw,** verklaar dat die Eeufeesfondsveldtog tot op datum bo verwagting gevorder het. Dr. Louw het daarop gewys dat 'n bedrag van R3 miljoen as aanvanklike mikpunt vir die Fonds gestel is. Die hoop is gekoester dat dié mikpunt met die Eeufeesjaar in 1966 bereik sou word. Die vordering het egter alle verwagtinge oortref. Tot op datum is reeds 'n bedrag van R2,700,000 deur maatskappye en individue beloof, waarby bemakings nie ingesluit is nie. Die daadwerklike steun wat die Universiteit in hierdie grootse onderneming ontvang het, is 'n ware besieling. Dit is 'n aanduiding van die erns wat daar met die hoër opleiding in Suid-Afrika gemaak word. In die lig van die pragtige steun wat tot dusver ontvang is, en in die lig van die veld wat nog gedek moet word, asook van die dringende behoeftes van die Universiteit, het die Uitvoerende Komitee besluit om sy eerste mikpunt van R3 miljoen tot R4 miljoen te verhoog. As dit bereik word, sal dit beteken dat die Universiteit met die Eeufeesjaar in 1966 reeds in die helfte van sy totale behoeftes van R8 miljoen vir die volgende tien jaar sal kan voorsien.



Dr. M. S. Louw



Dr. Anton Rupert

Dr. Anton Rupert, Voorsitter van die Komitee vir Buitengewone Groot Skenkings, het aangekondig dat die maatskappye wat tot dusver genader is, 'n bedrag van byna R2 miljoen tot die Eeufeesfonds bygedra het. Dr. Rupert het verklaar dat hy oortuig is dat die beleggings wat in belang van die hoër opleiding in die algemeen, en in belang van die Universiteit van Stellenbosch in die besonder gemaak is, nog ryke dividende sal afwerp.

Prof. H. B. Thom

Prof. H. B. Thom, Rektor van die Universiteit, het aangekondig dat die oud-studente, ouers en individuele vriende van die Universiteit tot dusver die mooi bedrag van R800,000 belowe het. Prof. Thom het verklaar dat hierdie pragtige resultaat nie bereik sou gewees het sonder die toewyding, entoesiasme en harde werk van die verskillende streekvoorsitters en die lede van hulle komitees nie. Ook die dames wat in die verskillende streke die veldtogkomitees behulpsaam was, het hulle deel bygedra. Prof. Thom het sy opregte dank en waardering uitgespreek teenoor hierdie persone wat so 'n pragtige bydrae gelewer het.

Die Veldtog Gaan Voort

DAAR is nog ongeveer 3,000 oud-studente, ouers van studente en goedgesinde vriende wat om steun vir die Fonds genader moet word. Die veldtog in die Swartland is so pas afgesluit en nou is die Vrystaat aan die beurt.

Die Amptelike Opening van die Universiteit

Benutting van ons Studentepotensiaal

By geleentheid van die Amptelike Opening van die Universiteit op 27 Februarie 1963, het Sy Edele J. de Klerk, Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap die rede gevoer oor *Die Benutting van ons Studentepotensiaal*. Daarin het die Minister die fundamentele en onbetwisbare belang van die onderwys vir elke land en volk beklemtoon en gewys op die omvattende taak van die onderwys vandag, veral op Universiteitspeil. Die tekort aan goed opgeleide persone het hy gewyt aan die algemene tekort aan mensemateriaal wat in alle Westerse lande ondervind word, maar dit word vererger deur die wanverspreiding van die beskikbare mannekrag, bv. in die mediese beroep, en die misbruik wat daar op verskillende gebiede van opgeleide persone gemaak word. Hy het ook die vraag gestel of die kursusse vir universiteitsgrade genoegsaam gesuiwer is van allerlei vakke wat eintlik deel van die kursusse van tegnici en ander tipes tussenpersone behoort te wees. Dit mag blyk dat sekere graadvakke met groot voordeel weggelaat kan word terwyl verskeie ander vakke ten gevolge van die steeds veranderende eise van ons tyd, veel meer aandag behoort te kry.

Uit die res van sy toespraak, wat die Minister meer bepaald tot die studente gerig het, haal *Matieland* enkele grepe aan:

'n Besondere Voorreg

„Ons (in Suid-Afrika) verkeer in die bevoorregte posisie dat die deure van ons universiteite vir 'n ieder en 'n elk oopstaan. Maar die vraag ontstaan onwillekeurig of die maklik bekombare geriewe in Suid-Afrika nie lei tot 'n minder ernstige benadering aan die kant van studente tot hul voorgenome studies nie; of die voorreg om universitêre opleiding te ontvang nie in Suid-Afrika as 'n vanselfsprekende reg opgeëis word, sonder om te besef in watter mate hierdie gulde geleentheid 'n besondere, ja, byna uitsonderlike voorreg is nie. Kan die verskynsel dat soveel studente aan universiteite onsuksesvol is, dat soveel hulle talente verwaarloos in plaas daarvan om dit tot die uiterste toe te ontwikkel, nie ook aan 'n moontlike oppervlakkige benadering aan die kant van studente toegeskryf word nie?"



Sy Edele J. de Klerk, Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, aan die woord by geleentheid van die Amptelike Opening van die Universiteit op 27 Februarie 1963.

Die Maksimum Opleidingstempo moet gehandhaaf word

„Die landsbelang vereis dat alle maatreëls aangewend sal word om die verkwisting van mannekrag en fondse te verhoed en om elke blanke te laat besef hoe noodsaaklik dit is om hom tot die uiterste in te span om sy geesteskragte in die kortste tydsbestek moontlik tot die hoogste peil te ontwikkel.

Met ons unieke bevolkingsamestelling, waar oorwegend uit die blanke mannekragpotensiaal geput word vir die doeleindes van professionele en tegniese dienste, sal 'n maksimum opleidingstempo deurgaans deur die Universiteite vir blankes gehandhaaf moet word, veral as in ag geneem word dat die verhouding in die blanke-nie-blanke bevolkingsgroei in die guns van die nie-blanke rasse neig."

Die Student se Verantwoordelikheid

„Dit spreek dus duidelik dat u persoonlike verantwoordelikheid u ook noodsaak om die verkwisting van mannekrag op daadwerklike wyse te bekamp. Daarom moet u, met inagneming van u intellektuele en ander toerusting, steeds naarstiglik daarna streef om u akademiese loopbaan binne die voorgeskrewe tydperk te voltooi, maar dit dan ook so te voltooi dat u

'n Geskiedkundige Oomblik! Dr. A. J. van der Merwe, Moderator van die N.G. Kerk in Kaapland (links) en prof. H. B. Thom, Rektor van die Universiteit, onderteken die ooreenkoms tussen die Universiteit en die N.G. Kerk in S.A. waarvolgens die Teologiese Kweekskool by die Universiteit ingeskakel word. Agter staan dr. J. D. Vorster, Aktuaris van die N.G. Kerk in Kaapland, en prof. S. J. Pretorius (Registrateur) wat die ooreenkoms mede-onderteken het. (Foto: Christo S. Botha)

die voordele van akademiese opleiding vir persoonlike en kulturele ontwikkeling in die hoogste mate benut."

Volksdiens as Hoogste Ideaal

„Mag elkeen van die studente van die Universiteit van Stellenbosch vir die Akademiese Jaar 1963 en al die jare wat daarop volg, selfdissipline, arbeidsaamheid, toewyding, ywer, pligsbesef, liefde, geesdrif en boweal nasietrots as slagspreuk aanvaar en sodoende hulle deel bydra om hulleself tot volle ontplooiing te bring en om ons land en volk na die beste van hulle vermoë te dien."

Alma Mater van die Afrikanerdom

By 'n noenmaal wat na afloop van die Amptelike Opening deur die Rektor en mev. Thom aangebied is, het die Minister die Universiteit van Stellenbosch beskryf as die *Almal Mater van die Afrikanerdom* en as 'n inrigting met waardigheid, statigheid, roemryke prestasies, 'n tradisieryke verlede en 'n groot toekoms.

Die Kweekskool word die Fakulteit van Godgeleerdheid

By geleentheid van die Amptelike Opening het die Rektor die belangrike aankondiging gedoen dat die Universiteit en die N.G. Kerk op 20 Februarie die ooreenkoms onderteken het waardeur die Teologiese Kweekskool by die Universiteit ingeskakel word (vgl. Inleidingsartikel). Hy het die hartlike dank van die Universiteit uitgespreek teenoor Sy Edele die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap vir die simpatieke, hulpvaardige houding wat die Minister se Departement in die saak geopenbaar het. Ten slotte het hy ook die hoogste waardering van die Universiteit betuig teenoor die N.G. Kerk in Suid-Afrika, aan wie die Universiteit vanaf sy klein begin in 1866 tot vandag toe, oneindig veel te danke het.

Namens die N.G. Kerk in S.A. het dr. J. D. Vorster waardering uitgespreek teenoor die Rektor en sy Raad vir die mooi gees waarin die onderhandelings met die oog op inlywing gevoer is. Hy het die Universiteit verseker van die Kerk se lojale en heelhartige ondersteuning tot handhawing van die ooreenkoms en die vrugbare werking daarvan. Dr. Vorster het die U.S. gelukgewens met sy volwaardige Teologiese Fakulteit en die bede uitgespreek dat die beginsels van die Ewige Woord van God steeds die lewe en die wetenskap van studente en dosente sal beheers en lei.



Die miljoenste kaartjie

Die Afrikaanse Woordeboek het kort gelede die miljoenste kaartjie vir sy woordversameling ontvang. Ter viering van dié belangrike mylpaal en veral ook as blyk van erkenning van die werk wat deur medewerkers oor die land gelewer is, het die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap en Voorsitter van Beheerraad, dr. J. J. P. Op 't Hof, 'n spesiale besoek aan die Woordeboekkantoor op Stellenbosch gebring, en het die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch en Administrateur van die Woordeboek, dr. H. B. Thom, namens die Universiteit 'n noenmaal aangebied.

Op die foto kyk dr. Op 't Hof en dr. Thom saam met dr. F. J. Snijman, huidige Hoofredakteur (links), en dr. P. C. Schoonees, oud-Hoofredakteur, in die brandkluis van die Woordeboek na die kaartjie. Dit is 'n kaartjie van die woord **goedpraat,** *met sitaat opgeteken uit die werk van dr. T. Schumann, „Die Abdikasie van die Witman", deur een van die trouste medewerkers van die Woordeboek, mnr. L. A. Schoonees, 'n broer van dr. Schoonees. Hy alleen het ruim een tiende van die miljoen kaartjies tot die woordeversameling bygedra!*

OUD - MATIES ! !

NOU BESKIKBAAR — DIE NUWE OUD-MATIE

KLEURBAADJIE

(Volledig met Nuwe Wapen en Wapenknopies)

KLAARGEMAAKTE BAADJIES

(Deur Veka)

Laat weet ons net u standaard nommer en ons stuur die baadjie.

Vasgestelde prys: R24.40 (posvry)

SNYERSGEMAAKTE BAADJIES

Maatvorms verkrygbaar direk van ons of by alle takke van u Oud-Matiebond.

Vasgestelde prys: R30.15 (posvry)

Ook OUD-MATIE Dasse van Terylene.

GEBRS. DE WET

Die Alombekende Matiewinkel vir die laaste 65 jaar.

Posbus 21 STELLENBOSCH Tel. 19, 20, 21 en 22

Bestel nou . . .

U OUD-MATIEBAADJIE

. . . Nommer Pas

U
STUUR
U MATE
ONS STUUR
U BAADJIE

★ ★ ★

PRYS R24.00

★ ★ ★



U
DAS
R1.75

OOK NOU
IN
VOORRAAD

SKRYF AAN:

Carl Bergh

DIE MATIES SE UITRUSTERS
POSBUS 181 • PLEINSTRAAT • STELLENBOSCH

GRADEDAG

„'n Nasionale Gebeurtenis op die Hoogste Vlak"

DIE omvang en wye verskeidenheid van opvoedkundige bedrywighede aan die Universiteit van Stellenbosch blyk baie duidelik aan die einde van die jaar, wanneer honderde studente se toegewyde studie bekroon word deur die toekenning van 'n merkwaardige verskeidenheid diplomas en grade. Wanneer 'n mens die lys van geslaagde kandidate deurblaai, blyk dit dat daar min studierigtings is waarvoor daar nie in die een of ander departement voorsiening gemaak word nie.

Die uitreiking van die sertifikate geskied tydens 'n aantal plegtige en indrukwekkende geleenthede, wat kulmineer in die luisterryke en waardige gradeplegtighede. *Matieland* lê vlugtig besoek af by elk van hierdie funksies.

Die Kanselier, sy Edele dr. T. E. Dönges, spreek die gegradueerdes toe tydens die aanvullende gradeplegtigheid op 8 Maart 1963. In sy besielende boodskap het hy die studente gewaarsku teen die aanloklike sypaadjies, die maklike weg wat die skyn van onmiddellike voordeel het, maar die belofte van langdurige berou inhou. Hulle moet onderskei tussen die valse munt van bedrog, oneerlikheid, afguns; en die ware munt van eer, opregtheid en integriteit. Sy handdruk was 'n simbool van die geloof wat die Universiteit in hulle het: mag daardie geloof nooit beskaam word nie.



By die Uitpasseringsparade van die Militêre Akademie, Saldanha, op Woensdag, 5 Desember 1962. V.l.n.r.: Prof. (Kol.) P. J. G. de Vos (Bevelvoerder van die Militêre Akademie), Luit.-Genl. R. C. Hiemstra, SSA (Adjunk-Kommandant-Generaal) wat die plegtigheid waargeneem het, prof. H. B. Thom (Rektor) en Skoutadmiraal H. H. Bierman, SSA, OBE (Vlootstafhoof).

★ Woensdag, 5 Desember 1962, 2.30 nm.

Nege-en-twintig jong manne en vroue kom diep onder die indruk van die groot verantwoordelikheid wat hulle beroep as geneeshere meebring wanneer hulle die plegtige Gelofte van Graduandi in die Geneeskunde aan die Universiteit van Stellenbosch aflê. Elkeen bekragtig met sy handtekening dat hy belowe om homself „aan die diens van die mensheid te wy; . . . ."

★ Woensdag, 5 Desember 1962, 4.00 nm.

Tydens 'n indrukwekkende Uitpasseringsparade by die Militêre Akademie op Saldanha, word 16 kandidate tot die offisiersrang in die Lugmag, die Leër en die Vloot bevorder. Die plegtigheid word waargeneem deur die Adjunk-Kommandant-Generaal, Luit.-Genl. R. C. Hiemstra, wat die belangrikheid van akademiese opleiding vir gevordere betrekkings in die Weermag beklemtoon.

Die ere-graduandi word deur die Vise-Kanselier en die Rektor gelukgewens. V.l.n.r.: Ds. J. S. Gericke (Vise-Kanselier), dr. S. M. Naudé, dr. L. C. Steyn en prof. H. B. Thom (Rektor).

★ Donderdag, 6 Desember 1962, 10.00 vm.

Vir die 45 proponente van die Kweekskool het 'n ewe plegtige oomblik aangebreek. Hulle legitimering is vir almal die verwesenliking van 'n ideaal wat slegs deur volharding en toegewyde studie oor sewe jaar moontlik was. Kragtens die ooreenkoms tussen die N.G. Kerk en die Universiteit, word die finale diploma aan predikante, die Candidatus Theologiae, van vanjaar af ook deur die Universiteit uitgereik.

★ Donderdag, 6 Desember 1962, 4.00 nm.

Vir die byna 700 studente wat grade ontvang, het die groot oomblik aangebreek. Ouers en vriende het van oor die hele land opgedaag om hierdie oomblik van vreugde en triomf met 'n seun of dogter, 'n vriend of vriendin te deel. Vir twee uur lank word die een suksesvolle kandidaat na die ander deur die groot skare toegejuig wanneer die dekaan die name aflees, die Vise-Kanselier die graad met 'n tikkie van die baret op 'n geboë hoof toeken en die Registrateur die kap as kenteken van die besondere graad omhang. Dit wissel van Baccalaureus- na Honneurs-Baccalaureus- en Magistergrade in die Natuurwetenskappe, die Landbou, die Ingenieurswese, die Geneeskunde en die Krygskunde.

★ Donderdag, 7 Desember 1962, 10.00 vm.

Lank voordat die kleurryke akademiese optog binnekom, is elke sitplek in die stadsaal weer gevul. Benewens dieselfde verskeidenheid grade in die Fakulteite van Lettere en Wysbegeerte, Opvoedkunde, Regsgeleerdheid, Godsgeleerdheid en Handel, word nege doktorsgrade toegeken. Die hoogtepunt van die jaar se gradeplegtighede word bereik wanneer die Universiteit twee van sy briljantste oud-studente, dr. S. M. Naudé en dr. L. C. Steyn, met eredoktorsgrade vereer. Uit die motiverings vir hierdie toekennings deur die Rektor, prof. H. B. Thom, blyk dat dié twee alumni van ons Universiteit elk op sy gebied die hoogste sport bereik het. As President van die W.N.N.R. beklee dr. Naudé die hoogste betrekking waarin 'n wetenskaplike in ons land aangestel kan

word; as Hoofregter van die Republiek beklee dr. Steyn die hoogste posisie waartoe 'n regsgeleerde in Suid-Afrika kan vorder.

* * *

Meer as net 'n Seremonie

IN sy kort, maar kragtige en besielende boodskappe aan die gegradueerdes het die Vise-Kanselier, ds. J. S. Gericke, die toekenning van grade aan honderde jongmense bestempel as meer as 'n blote seremonie en die plasing van die Universiteit se kwaliteitstempel op die bevoegdhede van sy studente. Dit is „niks minder nie as die beskikbaarstelling aan 'n land en volk van 'n bate wat met geen ander nasionale rykdom vergelyk kan word nie. So gesien word dit 'n *nasionale gebeurtenis op die hoogste vlak*".

Die lewenseise het in een enkele dekade tienvoudig moeiliker geword. „U erf 'n baie gevaarliker wêreld en 'n baie swaarder stryd as die vorige geslag. Die baan waarop die wedloop beslis word, het moeiliker geword . . . ." Maar, „dit is die moeilike wedloop wat die beste uit die atleet haal en die moeilike probleem wat die wetenskaplike tot die hoogste prestasie aanspoor. So word enkelinge en nasies groot, nie op die gelyke pad van probleemloosheid en voorspoed nie, maar juis teen die steiltes van inspanning en stryd. Dit is in tye van storm en drang dat 'n geslag van helde gebore word."

Soos so dikwels gedurende die afgelope jare vanaf die kansel, het die Vise-Kanselier nogeens die gegradueerdes wat nou op die drumpel van die lewe staan, met kostelike lewensraad bedien. „Onder die benouendste omstandighede wanneer die bedreiging die grootste is, moet u as jongmense u optimisme, moed en geloof behou. Dan moet u saam met die wyse segsman sê: ‚As ek sou weet dat die wêreld môre sal vergaan, dan plant ek vandag nog 'n eikeboom'. En om daardie geloof te openbaar moet u die lewe, die wêreld, en u taak in die wêreld vanuit die regte gesigshoek benader. ‚Hef jou oë op na die hemel en beskou dan die aarde daaronder', was Salomo se raad, en dit geld vandag nog. 'n Mens kan die wêreld om jou in die regte perspektief sien eers nadat jy boontoe, na God gekyk het."

Agt van die nege nuwe doktore. Agter v.l.n.r.: Dr. W. T. v. S. Naude (D.Phil.), dr. M. P. Lamprecht (D.Sc. in Landbou), dr. A. D. Nieuwoudt (D.Sc. in Landbou) dr. D. F. Schneider (D.Sc.). Voor v.l.n.r.: Dr. P. P. van der Merwe (D.Litt.), dr. T. Toussaint van Hove (D.Phil.), dr. H. I. Nel (D.Ed.Ph.), dr. R. K. Belcher (D.Litt.). Afwesig: Dr. Harry Fiedeldey, (D.Sc.).

Dr. L. C. Steyn aan die woord by die gradedagdinee. In antwoord op 'n heildronk ingestel deur prof. J. C. de Wet, het hy die Stellenbosse Fakulteit van Regsgeleerdheid hoë lof toegeswaai vir die baanbrekerswerk wat hier op die gebied van die regsgeleerdheid gedoen is. By dieselfde geleentheid het dr. A. C. Cilliers 'n heildronk op dr. S. M. Naudé ingestel. In sy antwoord het dr. Naudé opregte waardering betuig vir wat hy aan Stellenbosch te danke het. Hy het sy Alma Mater en ander Afrikaanse Universiteite aangemoedig om meer navorsingswerk te doen en meer navorsers te lewer.
Van links na regs op die foto verskyn: Ds. J. S. Gericke, (Vise-Kanselier), dr. S. M. Naudé, dr. L. C. Steyn, mev. H. B. Thom en Sy Edele P. O. Sauer, Minister van Lande, Bosbou en Openbare Werke.
(Foto: Christo S. Botha)

GRADUANDI VAN 1962

BY die gradeplegtighede in Desember 1962 en Maart 1963 is altesaam 890 grade deur die Universiteit van Stellenbosch toegeken.

Die verspreiding van grade toegeken oor die elf fakulteite is soos volg:

Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte:
B.A. 285; B.A. in Maatskaplike Werk 26; Hons.-B.A. 57; Hons.-B.A. in Maatskaplike Werk 6; B.Mus. 6; M.A. 13; M.A. in Maatskaplike Werk 1; D.Litt. 2; D.Phil. 3.

Fakulteit van Natuurwetenskappe:
B.Sc. 133; B.Sc. in Huishoudkunde 16; Hons.-B.Sc. 25; Hons.-B.Sc. in Huishoudkunde 1; M.Sc. 17; D.Sc. 2.

Fakulteit van Opvoedkunde:
B.Ed. 21; M.Ed. 2; D.Ed. 1; D.Ed.Ph. 1.

Fakulteit van Landbou:
B.Sc. in Landbou 57; B.Sc. in Voedselwetenskap 2; Hons.-B.Sc. in Landbou 11; M.Sc. in Landbou 8; D.Sc. in Landbou 3.

Fakulteit van Regsgeleerdheid:
Ll.B. 18.

Fakulteit van Godgeleerdheid:
B.D. 2; D.D. 1.

Fakulteit van Handel:
B.Comm. 46; Hons.-B.Comm. 9; M.Comm. 1.

Fakulteit van Ingenieurswese:
B.Sc., B.Ing. 49; M.Ing. 1.

Fakulteit van Geneeskunde:
M.B., Ch.B. 29; M.Med. 13.

Fakulteit van Bosbou:
B.Sc. in Bosbou 2.

Fakulteit van Krygskunde:
B.Mil. 20.

★ Die Fakulteit van Bosbou het hulle sierlike nuwe enkelverdiepinggebou op die ou gholfbaan aan die noordekant van die dorp betrek.

★ Die jongste dameskoshuis, Irene, aan die bo-ent van Victoriastraat teenoor die Jan Marais-park, huisves van die begin van die jaar 169 dames. Die Universiteit het nou 9 dames- en 7 manskoshuise waarin 2,883 studente (1,554 mans en 1,329 dames) gehuisves word.

★ Op die hoek van Merrimanlaan en Ryneveldstraat, langs die gebou vir Natuurwetenskappe, staan die nuwe Geologie-gebou. Dit is op vérre na die beste beplande en toegeruste gebou vir Geologie in die Republiek.

★ Die Chemie-gebou word nou vergroot deur die aanbou van 'n vleuel aan die oostekant.

★ Wilgenhof het stil-stil gedurende die somervakansie verdwyn. Die bouwerk aan die nuwe Wilgenhof, wat 180 mans sal huisves, vorder fluks.

★ Die gebou vir die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte word beplan. Dit sal op die MacDonaldhuisterrein teenoor die ou Hoofgebou opgerig word.

★ Planne is reeds voltooi vir die vergroting van die Carnegie-Biblioteek. Daarin word o.m. voorsiening gemaak vir die huisvesting van die waardevolle D. F. Malan-versameling.

Buite die Universiteitsterrein op Stellenbosch is verskeie groot ontwikkelingsprojekte aan die gang, waarby die Universiteit direkte belang het.

★ Op Bellville nader die eerste deel van die gebou van die Buitemuurse Handelsafdeling tans voltooiing.

★ 'n Begin is gemaak met die bou van die groot Opleidingshospitaal vir die Universiteit van Stellenbosch in Tiervlei. Die hospitaal, met 1,200 beddens, sal 10 of 11 verdiepings beslaan en is die grootste enkele bouplan wat die Kaaplandse Provinsiale Administrasie nog aangepak het. Die jongste raming van die koste van die hele kompleks is R17,500,000. Die kliniese geboue van die Universiteit se Mediese Skool sal mettertyd op dieselfde terrein opgerig word.

Prof. H. B. Thom, Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, onderteken die kontrak vir die bou van die Kerninstituut. Die bouwerk het op 14 Januarie begin, die Van de Graaff-versneller van 5.5 miljoen elektrovolt sal op 1 Junie geïnstalleer word en die Instituut sal hopelik aan die begin van 1964 ingewy kan word. Op die foto verskyn v.l.n.r.: Mnr. J. B. Collins (die argitek), prof. P. B. Zeeman (sekretaris en lid van die Raad van Beheer), prof. Thom (voorsitter van die Raad van Beheer) en mnr. D. W. McGregor (plaaslike bestuurder van Lewis Construction Company wat die bouwerk onderneem). Die Kerninstituut is 'n gesamentlike onderneming van die Universiteite van Stellenbosch en Kaapstad, en word by Faure, halfpad tussen die twee universiteite, opgerig.

IN ONS LABORATORIA

Spanwerk in Koringnavorsing

Prof. F. X. Laubscher

NA beraming het roesskade aan die koringoes van Wes-Kaapland in die afgelope seisoen nagenoeg R2 miljoen bedra. Die Stellenbosch-Elsenburg Landboukollege stel hom dit ten doel om deur navorsing hierdie ontsettende verlies aan bande te lê. Die navorsing is daarop toegespits om roesweerstandbiedende koringvariëteite te ontwikkel en aan die boere beskikbaar te stel.

So 'n onderneming vereis besondere spanwerk. Die Koringraad gee geldelike steun en daar is samewerking tussen 'n groot verskeidenheid vakkundiges, navorsers van die Departement van Landbou-tegniese Dienste en dosente en studente van die Universiteit van Stellenbosch. Die foto-reeks wat volg, gee die leser 'n kykie in die bedrywighede van hierdie span.



Wat u hier sien, is nie pale, spykers of pilare nie, maar drie halms van koringplante wat sowat 3 weke vantevore met roes besmet is. In die geval van die linkerhandse halm op Foto 1 het die besmetting nie gevat nie omdat die betrokke variëteit 'n inherente weerstand teen die siekte het. By die middelste halm het die besmetting wel gevat. Die parasitiese swam het na welige vermenigvuldiging in die koringweefsel, deur die opperhuid gebars om puisies te vorm, in elk waarvan soveel as 600 spore voorkom wat 'n nuwe infeksiesiklus kan begin.
Die derde halm op die regterkant is dié van 'n variëteit wat vir die siekte volkome vatbaar is. Nie alleen is talle roespuisies gevorm nie, maar die oop wonde loop aanmekaar en vernietig die weefsel dermate dat die plant nie in staat is om sy korrels tot volwassenheid te bring nie.

1

In een seisoen kan daar van 5 tot 8 spoorgenerasies van roes op vatbare variëteite voorkom en die aantal roesspore op 'n morg koring met 'n middelmatige besmetting kan soveel as 10^{14} bedra. Onder sulke omstandighede kan deur mutasie nuwe infeksietipes ontstaan, waardeur variëteite wat voorheen weerstandbiedend was, besmet kan word. Die gevolg is dat die roesweerstandbiedende variëteite vroeër of later aan 'n nuwe roesvorm sal beswyk. 'n Belangrike deel van die werk bestaan dus daarin dat die plantpatoloë gedurig die identiteit van besmettings moet vasstel, want 'n paar honderd sulke roesrasse kan geïdentifiseer word.
Koringvariëteite en hul nakomelinge se erflike vermoë om besmetting te weerstaan, moet bepaal word. Foto 2 toon hoe 'n suspensie van 'n spesifieke roesras onder die blaarskede van plante ingespuit word. Die identiteit van die roesras word op 'n etiket aangedui en na inkubasie van die besmetting kan die plant se relatiewe weerstand teen daardie besondere roesras vasgestel word.

2

Erflike weerstand teen stamroes en ander siektes word beheer deur onsigbare biochemiese eenhede of gene, wat op selkernliggame of chromosome voorkom. Die aantal geïdentifiseerde gene by broodkoring wat stamroesweerstand bewerkstellig, is nie meer as 15 nie. Besondere tegnieke bestaan vir die identifikasie en beheer van spesifieke chromosome wat sulke en ander gene dra. 'n Belangrike faset van die werk is om weerstandsgene van verwante, wilde koring en grasse wat nie die siektes kry nie, na gewone koringsoorte oor te dra. Die verloop van hierdie kruisingsprosesse en die afstammelinge word op Foto 3 deur vakkundiges mikroskopies gekontroleer.
In die meeste gevalle is vervanging deur 'n hele wilde chromosoom onprakties, want daardeur word ongewenste gene ook ingebring. In sulke gevalle word die gekruiste saad blootgestel aan gammabestraling by die Kobalt 60 bron van die Westelike Provinsie Vrugtena vorsingstasie. Die bestraling breek dan die chromosome op sodat dit moontlik word om slegs dele van die wilde chromosoom in die erflike argitektuur van die koringplant te vestig. Mikroskopiese ondersoek bepaal of die chromosoomkomplement volledig is en genetiese toetse bepaal of die ingelaste stuk wilde chromosoom die gesogte gene vir siekteweerstand bevat.

3



4

So gou as 'n nuwe roesras ontdek word, en 'n bron van weerstand daarteen geïdentifiseer is, moet sulke weerstand deur kruising oorgedra word. In Foto 4 word getoon hoe die koringblomme bevrug word deur stuifmeel van die voortreflike variëteit oor te dra, nadat die blomme ontman is om selfbevrugting te voorkom. In die afgelope jaar is meer as 5,000 kruisings in 170 kombinasies gemaak.

6

Met die kweek van koring onder kunsmatige toestande is daar 'n wye reeks van plantfisiologiese prosesse wat bestudeer moet word ten einde beheer te kry oor die groei en ontwikkeling van die plant. Stelsels van lig- en temperatuurperiodisiteit is uitgewerk waaronder normale ontwikkeling in die kortste tyd verkry word. 'n Aspek wat hierby aansluit, is die biochemiese prikkel- en beheerstowwe wat aarvorming en -ontwikkeling beheer. Foto 6 toon 'n normale aar in die middel en weerskante is are waarvan die ordelikheid van aanleg en vorming deur prikkelstowwe versteur is.

5

Die nageslagte van kruisings moet aan allerhande toetse onderwerp word. Onder gewone omstandighede neem dit sowat 10 generasies voordat suiwertelende lyne uit sulke kruisings gereed is om in die praktyk uitgetoets te word. As een generasie per jaar gekweek word, neem dit dus minstens 15 jaar om 'n nuwe koringvariëteit te teel.

Die Koringraad het aan die Kollege fondse beskikbaar gestel vir die oprigting van groeikamers waarin die lig, lug, vog en temperatuur beheer kan word. Hierdeur word dit moontlik om meer as een generasie koring per jaar te verbou en dus die teel van nuwe variëteite te versnel. Foto 5 toon jong koringplante in 'n verkoelde glashuis. Dit verteenwoordig die derde generasie wat in één jaar verbou is.

7

Ten gevolge van die kunsmatig-versnelde groeiproses, gepaard met veldaanplantings en ekologiese toetsproewe, omvat die totale koringteelprogram jaarliks etlike duisende eenhede wat omvangryke stelle gegewens oplewer. Hierdie syfermateriaal uit proewe, waarnemings en biologiese ontledings vereis heelwat statistiese verwerking ten einde dit tot eenvoudige vergelykings te kan herlei. Foto 7 toon 'n laboratorium waar nagraadse studente besig is met sulke berekenings. Een stel van 3,000 items is verwerk om te beraam langs watter ontwikkelingsbaan die koringplant sy maksimum saadopbrengs lewer.

Al sou 'n nuwe variëteit teen alle siektes bestand wees, en in alle opsigte agronomies voortreflik wees, sou dit nie deug as dit nie ook meel lewer waarvan bevredigende brood gebak kan word nie. Bakwaarde of bakvermoë van koringvariëteite is 'n besonder ontwykende deug en dwarsdeur die teelproses word toetse gedoen wat aandui of die geteelde produk in hierdie opsig bevredigend is. Foto 8 toon die graantegnologiese laboratorium waar die deeg van meel uit verskillende variëteite aan deegkwaliteitstoetse onderwerp word.

8

(Foto's: Christo S. Botha)

„Ikey's, Ons kry julle jammer!"

HOE DIE STELLENBOSSE VOETBALLIEDERE ONTSTAAN HET

deur

JURGEN SMITH

Eerste Intervarsity-pianis van die Victoria-Kollege en die U.S.

('n Verkorte weergawe van 'n artikel wat in Desember 1941 in „Die Huisgenoot" verskyn het.)

REEDS jarelank het ek gedreig om oor die ontstaan van die Matie-voetballiedere te skryf, maar ek het steeds gevoel dat daar bekwamer penne was wat hierdie taak kon onderneem.

Maar nou dat Dampies Erlank, vioolspeler en kunstenaar, nie meer daar is nie, kan ek die drang nie langer weerstaan nie. Ek voel dat Matieland, en ek persoonlik, 'n dure plig teenoor ons afgestorwe vriend moet nakom. Waarom? Omdat Dampies, saam met sy boesemvriend, wyle P. H. de Villiers, die eerste twee Maties was wat handelend opgetree het in die skepping van georganiseerde sang by Intervarsity. Dit was in Augustus 1917. Vóór dié tyd, na ek verneem het, was die sang sporadies, en bekende wysies soos „Bobbejaan klim die berg", „Vanaand gaan die volkies koring sny", „Die Stellenbosse boys" en dies meer het die repertoire uitgemaak.

Toe kom besoek Dampies en P.H. (soos hy destyds bekend was) my eendag in Wilgenhof. Daar het ons die saak van georganiseerde sang by Intervarsity druk bespreek. Ons aldrie was geesdriftig, vuur en vlam. Dadelik het ons die voorsitter van die Studenteraad (ongelukkig het sy naam my ontgaan) gaan raadpleeg. Hy was hoog in sy skik en het die S.V.R. na 'n buitengewone vergadering ontbied; ons drie moes intussen gereed wees om dadelik met 'n paar passende en geskikte sangstukke of liedjies voor die dag te kom.

Vir so 'n gebeurlikheid was Dampies en P.H. reeds lankal oorgehaal, want met hul eerste besoek aan my was een lied klaar opgestel, of liewer geparodieer. Maar ek het nie die musiek in Wilgenhof se leeskamer, waar die ou klavier gestaan het, durf deurspeel nie. Alles was nog 'n duistere geheim!

'n Veiliger plek was Jan de Witt (tandarts; intussen oorlede) se werkkamer in die agterplaas. Piet Pienaar was ook daar. Spoedig kom Dampies en P.H. se viole te voorskyn terwyl Piet die ghitaar onder sy blad regstoot. Ek moes as kritikus optree!

Die Skrywer as student op Stellenbosch in 1918.

Wyle Dampies Erlank, „vioolspeler en kunstenaar".

Wyle P. H. de Villiers, puik heelagter, begaafde viool- en klavierspeler, onderwyser, stigter en Hoof van die Tegniese Kollege op Stellenbosch.

Nog helder onthou ek die aanvangsakkoorde van daardie eersteling nl. „When we've bottled the Sacs once again", 'n parodie op „The Watch on the Rhine". Tot Mei 1920, my laaste Intervarsity, het hierdie lied, natuurlik nadat ons die Victoria-kollegelied aangehef het, die sangprogram geopen. Oor en oor het ons die wysie gespeel, en saam gesing totdat die kabaal vir Jan de Witt, of vir sy ongelukkige slagoffer in die stoel, te erg geword het!

Toe sluip ons na Costas se „Good Hope Café", waar die deur van die boonste vertrek, met klavier daarbinne toegedruk word. Op gedempte toon word die oefenry geheimsinnig voortgesit. Die gesamentlike uitspraak was een van hoogste voldoening. Ons kry toe ook dringend opdrag van die S.V.R. om met die saak voort te gaan. Die stryd was gewonne! Dit was g'n geheim meer nie. Voorwaarts!

Sal ek ooit daardie eerste sangoefening gedurende die lang pouse vergeet? En die geesdrif, moenie praat nie! Op die verhoog in die ou saal verskyn Eben van Heerden (vroeër van Heidelberg, Transvaal), Dampies en P.H. met hul viole en skrywer. 'n Paar keer word die wysie van „When we've bottled the Sacs once again", deurgespeel. Eben is tegelyk voorsanger en dirigent. Dit was besonder indrukwekkend om AL die studente — dames en here — so uit volle bors te hoor antwoord gee op Matieland se roepstem.

Daagliks is die sangoefeninge voortgesit. Weens gebrek aan musiektalent of moontlik aan tyd, was parodieer aanvanklik die enigste uitweg, want vroeg in September, d.w.s. binne 'n maand, sou dit weer Intervarsity wees. Toe volg daar begryplikerwys 'n reeks parodieë, meestal Engels, op die heersende gewilde sangstukke, liedjies en wysies wat destyds in bekende „ragtime"-albums verskyn het. Twee van die bekendstes was „Op Nuweland se velde", na die wyse van „There's a girl in Havana" en „There are games that make them mournful" na die wysie „There are smiles that make you happy" — albei verwerkings deur die skrywer.

Toe breek die GROOT dag aan! Vroeg-vroeg moes ek met 'n paar trawante die ou klavier van die saal na die pawiljoen vervoer. Oral het daar 'n opgewekte, selfs gespanne atmosfeer geheers.

So teen eenuur het die Kapenaars opgedaag, en dadelik het ons ou klavier ('n nuwigheid, hoewel g'n Bechstein!) die voorwerp van die Ikeys se smaad en hoon geword. Hoe het my vingers nie gejeuk om die lasteraars met die eerste sarsie van Matieland se nuwe voetballiedere te bestook nie! „Nee wag, wag," fluister Eben, „nie nou al nie!" Toe kom die teken! Eerste en heel natuurlik, die Kollegelied. Vir die besoekers was dit niks nuuts nie — miskien net die klavier en die viole van Dampies, P.H., Chris Costas en Wiffles Malherbe.

Daar draf die vierde span op die veld. Soos een man staan Matieland se geledere op en daar weergalm deur die middaglentelug: „When we've bottled the Sacs once again". En die volkies het gesing!

Sonder 'n woord gaan die groot koor sit. Daar heers 'n ongemaklike stilte. Skielik bars 'n oorverdowende gejuig onder die besoekers los. Toe volg 'n paar ander liedere

(reeds hierbo vermeld) wat luidrugtig deur die Kapenaars begroet is.

Daardie gedenkwaardige dag in September 1917 het Stellenbosch die Sacs beide dronk gesing en gespeel — dit was 'n skitterende prestasie.

Die volgende jaar, 1918, is die Alma Mater verhoog tot Universiteit. In al die liedere wat gedurende hierdie tydperk volg, word Varsity of U.S. gehuldig.

Snel volg die liedere op mekaar, heelwat Afrikaanse, waaronder „Die Stellenbosse faam is al die wêreld rond versprei", woorde deur Sikwa van Dyk, en „Ikeys, ons kry jul jammer". Met watter selfvoldaanheid het ons tog nie hierdie spot toegedien nie! Daarna „The ancient glory of the U.S.", wysie onbekend, woorde, meen ek, deur Vernon Brink (tans arts in Kaapstad). Toe weer „Playing, playing the rugby game" — woorde deur Eben van Heerden, musiek onbekend. En laaste vir die jaar (1918), „Sing a song of Intervarsity", woorde deur Ernie Malherbe (tans Rektor van die Universiteit van Natal).

In 1919 is nog 'n paar liedere in die reeks opgeneem, o.a. „Oh Stellenbosch Varsity, the pride of our land"; „Hello, hello, here we are again", parodie deur skrywer en musiek na die wysie van „Hello, hello, who's your lady friend?", asook „Toe nou Maties, Ikeys, weer aanmekaar", na die musiek van „There's a little baby up in the moon".

Die piece de resistance was bepaald twee liedere, een van Ben de Wet (tans van die Normaalkollege, Bloemfontein) en die ander van John Maree.

Die eerste het geheet „Drink maar nog 'n sopie, lekker, lekker sopie", na die wysie van 'n bekende Duitse drinkliedjie. Was dit tog nie salig om die sopie onverwaterd en emmersgewyse in die Ikeys se kele af te gooi terwyl die punte op die telbord ophoop nie! Die tweede was „Riekatie, sama, kaboe", van John Maree (tandarts op Springs waar hy oorlede is). John het 'n sonore en klankryke baritonstem gehad. As hy hierdie liedjie met sy wiegende walsritme so met lus en gevoel voordra, kon jy jou reeds voorstel hoe die Kapenaars „liewers gee pad vir Strassheim, vir Tienie (Krige), vir Pierre (Albertyn), en vir At (Van Heerden)".

En hiermee eindig die reeks voetballiedere vir die tydperk September 1917 — Junie 1920, toe ek Matieland verlaat het. Kort voor my vertrek is ek deur die S.V.R. versoek om op 'n komitee te dien met die opdrag om bogemelde liedere e.a. studenteliedjies, piekniekwysies e.d.m. in 'n bundel saam te vat. Ongelukkig moes ek hierdie eer van die hand wys. Die samestellers was mej. Marie de Wet, mnre. Ben de Wet, Stephen Eyssen, J. L. Pretorius en Eben van Heerden, terwyl wyle doktore Lydia van Niekerk en W. Blommaert ook meegewerk het. Die eerstelingbundel dra die trotse opskrif: „Liederbundel — Studenteliedere, Voetballiedere, Algemene liedere, Volksliedere. Alle regte voorbehou deur die Samestellers".

Die oorspronklike musiekalbums met die sangstukke wat ons geparodieer het, is nog byna almal in my besit. Dikwels blaai ek deur hulle en neurie in my enigheid die wysies van die verskillende besielende liedere, wat die Maties destyds aangevuur het tot sulke roemryke prestasies. Dan bevind ek my te midde van daardie geesdriftige studente-samelewing van byna 'n halfeeu gelede — die lewe van die ou garde, my tydgenote aan wie ek hierdie poging in alle beskeidenheid opdra.

„Nog kan ek darem in die gees
In Matieland teenwoordig wees;
Nog kan ek my verbeel
dat ek in dié ou lewe deel."

(*E. A. Schlengemann*)



so veel . . . . .

om gerus te voel
oor hulle

SANLAM

beteken beskerming vir u en u gesin

V&R 3273/2AX

So onthou ek Matieland

Dr. W. J. de Kock, ondervoorsitter van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, dink terug aan:

DIE RESEPSIE EN AKADEMIESE DRAG

IN 1917, (of was dit 1918?), het 'n groepie studente in opstand gekom teen sekere gebruike wat vinnig op pad was om „tradisie" te word. Een was die **Resepsie.** Jaarliks in Maartmaand moes dosente en studente hierdie beproewing deurleef — die styfste, korrektste, ointeressantste bly-om-kennis-te-maak funksie denkbaar.

Die tyd het aangebreek om handelend op te tree en die volgende voorstel is by die Studenteraad ingedien: die Studenteraad sal hom beywer vir erkenning van 'n bal (dans) as integrale deel van die Resepsie!

'n Mens sou kon dink 'n atoombom het Stellenbosch getref en die konsternasie en verontwaardiging wat gevolg het, het uitgeloop op 'n monstervergadering wat daarop gemik was om hierdie verwaande mannetjies behoorlik op hul plek te sit. Talle briljante ontluikende redenaars „drunk with enthusiasm .... rushed furiously to the attack" teen wat hulle bestempel het as iets uit die bose en 'n terugkeer na die dae van Sodom en Gomorra. En groot was die slagting!

Aan ons kant was daar nie 'n enkele erkende spreker nie en noodgedwonge is Vernon Brink vooraf, met groot moeite, oorreed om as mondstuk op te tree. Die voertaal destyds was nog Engels en spoedig het geblyk dat sy sorgvuldig voorbereide „toespraak" geen toespraak was nie, maar 'n model opstel, totaal onvanpas vir die geleentheid. Om sake verder te vererger, was Vernon, weens sy onvermoë om 'n toespraak af te steek, verplig om sy opstel voor te lees. Hoe verder hy deur sy meesterstuk worstel, hoe luider en uitbundiger word die spottende gelag vir sy aaneengestrengelde groot woorde en bewende broekspype! En toe hy eindig met „We raise our voice in protest against this puerile and lamentable attempt to elevate a conglomerated accumulation of personal prejudices to the dignity of an aesthetic principle", moes selfs sy getrouste makkers die trane uit hul oë vee!

Die manne wat Stellenbosch van morele ondergang gered het? Soek hulle vandag in die hoogste kringe op haas elke terrein, hetsy die politiek, universiteit, kerk of nywerheid — ja, maar fluister dit saggies van hulle, by geleentheid selfs op die dansvloer!

Omtrent verpletter, maar geensins terneergedruk nie, het die jong Turke vervolgens teen die **akademiese drag,** wat toe nog verpligtend was vir bywoning van lesings, te velde getrek. Omdat ons egter nie weer 'n kragmeting op die verhoog wou waag nie, is 'n stembus aangevra.

Na weke van woeling, huisbesoek en oortuigingswerk, het die stemdag aangebreek. Weer eens was ons nederlaag groot.

Uit protes het 'n driestuks hul togas aan repe geskeur en die daaropvolgende dae in hierdie verflenterde mondering klas geloop. Smalende opmerkings van „sackcloth and ashes" het nie ontbreek nie, maar ons het volhard, en as die windjie waai, het die driestuks baie gelyk soos poue wat met oopgespreide sterte pronk!

Vir die Senaat was hierdie spektakel blykbaar eens te veel, want 'n kennisgewing het weldra verskyn dat akademiese drag in die vervolg opsioneel sou wees. Dit was die doodsteek en skaars 'n week later het toga en „mortar board" finaal in Stellenbosch se strate van die toneel verdwyn.

Selfs die driestuks was bly om te verneem dat die gewraakte drag later weer in ere herstel is vir spesiale geleenthede soos die gradeplegtigheid.

santam

geregistreerde depositonemende instelling bied u

AANTREKLIKE RENTE OP BELEGGINGS
PLUS 44 JAAR SE SEKURITEIT
LENINGS · VERBANDE · INKOMSTE-
BELASTINGADVIES · GRATIS BEWARING
VAN DOKUMENTE

Santam

WAAR
U VANDAG
VEILIG
KAN BELÊ
EN
VERSEKER

Verseker by Santam vir flinke vereffening van alle eise vir verliese deur

BRAND · STORM · INBRAAK
DIEFSTAL · MOTORONGELUKKE
ONGEVALLE EN SIEKTE

Raadpleeg u naaste Santamkantoor vir gratis pamflette en/of volledige inligting. Santam het kantore dwarsdeur die Republiek, S.W.-Afrika en die Rhodesiës.

V&R 353

Die GROOT
Nuwe-Kleur-Huisgenoot
verskyn eersdaags

* * *

Een van die groot treffers vanjaar sal wees:

'n Spesiale foto-artikel oor
STELLENBOSCH EN SY STUDENTE

* * *

Hou die Huisgenoot dop

SO BOU HUL MATIELAND

Wilgenhoffers toer deur Afrika

VIR sewentien ondernemende studente van Wilgenhof was die afgelope somervakansie die interessantste en leersaamste van hulle lewe.

Matieland laat die leier van die groep, Ferdie Preller, self aan die woord:

Ons het 'n seston vragmotor tweedehands gekoop, van ou timmerhout self 'n kap op die bak gebou, en op 'n opvoedkundige toer van 13,000 myl deur Afrika vertrek. Ons omswerwinge het ons gevoer deur Suidwes-Afrika, Betsjoeanaland, Suid- en Noord-Rhodesië, Njassaland, Tanganjika, Kenia, Uganda, Rwanda en Mosambiek.

Die indrukke het mekaar byna te vinnig opgevolg om behoorlik te kon insink. Daar was die byna woestyn-landskap in die weste van Betsjoeanaland, skielik afgewissel deur die ruie boswêreld in die noorde; die bosveld van Noord-Rhodesië; die vérgesigte van berge en vlaktes in Tanganjika; die „wit hooglande" van Kenia, en myle en nogmaals myle van piesangplantasies aan die Victoriameer in Uganda. Dan was daar nog die spookagtige verlatenheid en verval wat besig is om in te tree in Rwanda; die goedversorgde wildtuine in die omgewing van Ruwenzori in Wes-Uganda; die rustige, palm-omsoomde tropiese strande van Kenia en Tanganjika, en die bedrywige, kosmopolitiese hawestede soos Mombasa, Dar es Salaam en Beira.

Ons het die politieke toestand in die jong Afrika-lande besonder interessant gevind. Oor die algemeen lyk dit of die inboorlinge vasberade is om hulle nuut verkreë vryheid te behou en 'n sukses daarvan te maak. Die vriendelikheid van die inboorlinge was besonder opvallend. Ons het nooit die feit dat ons Suid-Afrikaners is, verswyg nie, en het nooit berou gehad daaroor nie. Die inboorlinge se houding het nooit verander as hulle gehoor het dat hulle met Suid-Afrikaners te doen het nie en was dikwels selfs nog vriendeliker daarna. Hulle is oor die algemeen maar baie swak ingelig oor toestande in Suid-Afrika, maar het altyd met opregte belangstelling uitgevra oor ons land. Die enigste keer wat ons Suid-Afrikaanse burgerskap teen ons getel het, was toe ons by die Tanganjika-grens aangekom het. Die beampte in beheer ('n blanke) het ons vyf dae lank opgehou, omdat hy nie so 'n groot groep Suid-Afrikaners wou deurlaat tydens hulle onafhanklikheidsfeesvierings, voordat hy toestemming van sy regering in Dar es Salaam gekry het nie.

Dit was 'n onvergeetlike ondervinding en ons waardeer die voorreg wat ons gehad het des te meer, aangesien dit lyk of al hoe meer deure in Afrika in die toekoms vir die blanke Suid-Afrikaner gesluit kan word.

FERDIE PRELLER

Baie struikelblokke, letterlik en figuurlik, moes uit die weg geruim word. Hierdie boom moes afgesaag en verwyder word voordat die geselskap verder kan reis. Die foto is in die boswêreld van Betsjoeanaland geneem.



FRICK SIG-SAG DE LUXE

Doen gewone werk, Knoopsgate, Knope, Omkap, Borduurwerk, Name skryf, ens.

HANDAANGEDREWE R53 :: MOTORAANGEDREWE R66

VOORTREKKER-
WEG 35,
PAROW

Frick
-NAAIMASJIENE

TELEFOON
98-6489

AS DIT 'N BOEK IS—ONS HET DIT

Die keur in die volgende afdelings:

Novelles en Romans
Kortverhale en Sketse
Essays
Kinderboeke en Jeugboeke
Drama en Poësie
Bloemlesings
Letterkundige Kritiek
Taalsake

Woordeboeke
Godsdiens
Lewenskuns
Maatskaplike Sake
Klere en Voorkoms
Gesondheid
Voedsel en Drank
Blomme

Boerdery
Wetenskap en Stokperdjies
Musiek
Sport
Reisbeskrywings
Geskiedenis
Biografie
Naslaanwerke

NASIONALE BOEKHANDEL BETEKEN LEESWAARDE!

NASIONALE nb BOEKHANDEL

Wandelgang,
Groote Kerk,
Posbus 2063,
Kaapstad.

Escom-Sentrum,
Wolmaransstraat,
Posbus 9898,
Johannesburg.

Henrystraat 64 en
Maitlandstraat 53
Posbus 1058,
Bloemfontein.

h/v Princess- en
Cawoodstraat,
Posbus 95,
Port Elizabeth.

Voortrekkerweg 386,
Posbus 119,
Parow.

OUD-MATIEBONDTAKKE

Amatola-Winterberg

Op Vrydagaand, 23 November 1962, het ongeveer 60 oud-Maties van Fort Beaufort, Adelaide, Bedford, Balfour, Alice en Blinkwater in die Katberg-hotel byeengekom met die doel om 'n tak van die Oud-Matiebond te stig. Die pragtige omgewing het van die byeenkoms 'n besondere gebeurtenis gemaak.

Mnr. J. E. M. Verwey, Skakelbeampte van die Universiteit, het 'n uiteensetting van die doelstellings van 'n Oud-Matiebondtak gegee en daarna het 'n baie lewendige bespreking met volop skerts en kwinkslae gevolg. Die Matie-„spirit" was sommer reg. Eenparig is besluit om die Amatola-Winterbergtak van die Oud-Matiebond te stig en die volgende bestuur is gekies:

Voorsitter: Dr. J. H. S. Oosthuizen
Onder-Voorsitter: Mnr. H. Greeff
Sekretaresse/Tesouriere: Mev. H. Malan.

Daarna het almal vir 'n heerlike dinee aangesit en die Hoender-Matiesopie, gebraaide tongvis met Tollies se sous, bokkelogie lamsboud met tokkelok-kruisementsous en Junior-Dag-vrugteslaai het sommer vorentoe gesmaak.

Beaufort-Wes

Tydens die stigtingsvergadering van die Oud-Matiebondtak te Beaufort-Wes in Augustus verlede jaar, is besluit om 'n groot saamtrek van al die oud-Maties van die omgewing te organiseer. Dit is gedoen en op 2 November het omtrent 50 oud-Maties, waaronder twee uit Loxton, vir 'n dinee in die Hotel Oasis opgedaag. Die gaste van die aand was mnre. P. J. Lombard en J. E. M. Verwey van die Afdeling Openbare Betrekkinge, wat die aanwesiges kortliks toegespreek het. Na afloop van die dinee het mnr. B. Strydom, Inspekteur van Skole en Ere-president van die tak, die gaste bedank.

Die eerste bestuur van Beaufort-Wes se tak van die Oud-Matiebond, Voor v.l.n.r.: Mnr. B. Strydom (Ere-President), Mev. L. J. Jansen (Vise-Voorsitster). Agter v.l.n.r.: Mnr. P. G. van Velden (Sekretaris), mnr. F. Hanekom (Voorsitter), mnr. C. E. Kannenberg (Tesourier).

VAN HEINDE EN VER

Ds. P. J. Loots (B.A. 1929) het aan die einde van 1962 die doktorsgraad in die wysbegeerte aan die Universiteit van Kaapstad verwerf. Sy proefskrif het gehandel oor pluralisme in staat en kerk. Ds. Loots se besondere belangstelling in die hele aangeleentheid van eiesoortige ontwikkeling het tot die studie aanleiding gegee. Gedurende 1961 het hy 'n buitelandse studiereis onderneem om gesaghebbendes oor die onderwerp te raadpleeg. Hy het onder meer bevind dat die begrip van verskeidenheid, of eiesoortige ontwikkeling, wat die grondslag van die Westerse lewenswyse is, sy ontstaan gehad het in die Skeppingsbeginsel, toe elke ding volgens sy eie aard geskape is. Met ons beleid van eiesoortige ontwikkeling is ons as Suid-Afrikaanse volk besig om historiese kontinuïteit te handhaaf.

Ds. Loots was Intervarsity-dirigent in 1934 en die stigter van die vermaarde Kraaie-koor van Wilgenhof.

Mnr. Gerhard Tötemeyer (B.A. 1958; Hon.-B.A. 1959; S.O.D. 1960), onderwyser aan die Hoërskool Windhoek, het 'n beurs gekry om vir 'n jaar lank Politieke Geskiedenis aan die Universiteit van Freiburg in Duitsland te bestudeer. Kort voordat hy daarheen vertrek het, is hy getroud met *mej. Jeanne de Klerk* (B.A. 1961). Mej. De Klerk was vroeër onderwyseres aan dieselfde skool in Windhoek en sy het in die nuwe Naweekpos-film, Die Reën Kom Weer, van Norval Geldenhuys opgetree.

Mnr. M. J. de K. van Vuuren (B.A. 1959) is aangestel as hoof van die Laerskool Bloubospan op Broedersput in Vryburg se wêreld.

Ds. J. du Preez was reeds vanaf 1951 dosent aan, en later hoof van die Evangelisteskool op Decoligny. In 1960 is die vier Teologiese Skole vir die Bantoe in die Republiek, t.w. Turfloop, Witzieshoek, Dingaanstat en Decoligny, onder een algemene sentrale bestuur geplaas, en ds. Du Preez is van daardie datum af vir 'n tydperk van vyf jaar as hoof aangestel.

Dr. J. L. Pretorius (B.A. 1938, S.O.D. 1939), senior lektor in die Opvoedkundige Sielkunde aan die Universiteit van die O.V.S., is met ingang 1 Januarie 1963 aangestel as hoogleraar in die Opvoedkundige Sielkunde aan dieselfde universiteit. Hy volg wyle prof. Hennie Blignault op, wat verlede jaar skielik oorlede is.

Mnr. F. C. van der Merwe (B.A. 1958) het aan die begin van 1962 'n betrekking by die S.A.U.K. aanvaar. Hy is gelukkig in Johannesburg, maar nuus uit ou Stellenbosch bly nog altyd welkom.

Mnr. John Charles Molteno (B.Comm. 1957) is aangestel as die nuwe Organiserende Sekretaris vir die MM.-program van die S.A.-Stigting. Nadat hy Stellenbosch verlaat het, het hy 2½ jaar in Parys deurgebring waar hy Frans, Ekonomie en Aardrykskunde aan die Sorbonne-Universiteit bestudeer het. Hy was ook in Londen werksaam waar hy in 'n East-End-skool onderwys gegee het en later aan die personeel van 'n bekende ekonomiese tydskrif verbonde was. Voordat hy by die Stigting aangesluit het, was hy by 'n myngroep in Johannesburg werksaam.

Ian Jones (B.Sc. 1961) het 'n merkwaardige onderskeiding behaal deur die Universiteit van Oxford, waar hy tans studeer, binne twee maande in twee sportsoorte te verteenwoordig. In Desember 1962 het hy vir Oxford teen Cambridge rugby gespeel en in Februarie vanjaar is hy as swaargewig in Oxford se bokspan opgeneem. Terwyl hy op Stellenbosch was, het hy die Maties in drie intervarsities verteenwoordig, t.w. rugby, krieket en boks. Hy sal Suid-Afrika gedurende Julie en Augustus besoek as lid van die gekombineerde rugbyspan van Oxford en Cambridge.

Mej. Margaretha Pretorius (B.A. 1959, S.O.D. 1960), dogter van die Registrateur, prof. S. J. Pretorius en mev. Pretorius, het aan die einde van 1962 haar betrekking as lektrise in Skoolmusiek aan die Opleidingskollege, Graaff-Reinet, neergelê, ten einde 'n beurs vir oorsese studie te aanvaar. Die beurs is aan haar toegeken kragtens die Beurs-Uitruilskema waarvoor die Kultuurverdrag tussen Wes-Duitsland en die Republiek van Suid-Afrika voorsiening maak. Mej. Pretorius sal Skoolmusiek in Frankfurt bestudeer, maar hoop om ook ander Wes-Europese lande te besoek.

Dr. A. H. du Preez van Wyk (M.A. 1929), Direkteur van Onderwys in Transvaal, is vanaf 1 Maart 1963 aangestel as Provinsiale Sekretaris in dieselfde provinsie.

Prof. dr. B. B. Keet het op Woensdag 16 Januarie 'n gevoelige verlies gely toe sy grasdakwoning in Mostertsdrif heeltemal afgebrand het nadat dit deur 'n weerligstraal getref is. Prof. en mev. Keet was tydens die voorval met vakansie op Jeffreysbaai. Die bure het al die meubels gered, maar prof. Keet se waardevolle versameling boeke het in die slag gebly.

Mnr. A. P. du Preez (B.Sc. in Landbou 1942), besturende direkteur van die Midde-Westelike en Nuwe Westelike groep van vismaatskappye, is aangestel in die direksie van Bonuskor. Mnr. du Preez dien in die direksies van sowat twintig maatskappye. Sy groep het ook groot belange in beesboerdery en die vleisbedryf, asook 'n kleiner belang in die diamantbedryf.

Ds. W. D. Gerryts skryf van doer vér uit Noord-Nigerië om dankie te sê vir *Matieland* „wat nog dieselfde atmosfeer van ou Stellenbosch heinde en vér versprei. Dit laat my altyd voel dat ek eens op 'n tyd ook binne in Matieland geleef het. Hy (Matieland) bly tog deel van my soos geen ander Universiteit dit ooit kon word nie." Ds. Gerryts is van plan om binnekort vir goed uit te span en sal hom dan met sy gesin êrens in die Republiek kom vestig.

AANDAG ALLE HUIS TEN BOSSERS

Ons vier ons 25-jarige bestaan by wyse van 'n re-unie op 10 en 11 Mei. Tree asseblief dadelik in verbinding met die Re-unie-Komitee.

Oud-Matie met agt Doktorsgrade

DR. P. J. DU TOIT, Voorsitter van die Historiese Monumentekommissie, is seker die oud-Matie met die meeste doktorsgrade. Hy het agt, ses waarvan ere-grade is.

Reeds as skoolseun in die „Gedenkschool der Hugenoten" te Daljosafat, en as student aan die ou Victoria-Kollege, het dr. Du Toit uitgeblink. Nadat hy die B.A.-eksamen in 1907 met lof geslaag het, het hy sy studie met behulp van die Queen Victoria Scholarship in Europa voortgesit. Daar het hy twee doktorsgrade, albei met onderskeiding behaal, die een in Zürich en die ander in Berlyn.



Dr. P. J. du Toit

Die groot verskeidenheid eregrade, medaljes en toekennings waarmee dr. Du Toit hierna vereer is, getuig van die groot dienste wat hy aan ons land en aan die wetenskap in die algemeen gelewer het. In 1931 het die Universiteit van Stellenbosch, wat toe sy vyftigjarige bestaan herdenk het, aan hom 'n eredoktorsgraad in die Landbouwetenskap toegeken. In 1943 volg 'n ere-D.Sc.-graad van die Universiteit van Kaapstad, in 1948 'n ere-doktoraat in Veeartsenykunde van die Universiteit van Utrecht, Nederland en die volgende jaar 'n verdere ere-D.Sc.-graad van die Universiteit van die Witwatersrand. In 1951 het die Universiteit van Glasgow, tydens die herdenking van sy 500-jarige bestaan, aan dr. Du Toit 'n ere-LL.D.-graad toegeken en in 1958 het die Rhodes-Universiteit op Grahamstad dieselfde gedoen.

Onder sy talryke medaljes en toekennings tel dr. Du Toit onder andere die Senior Captain Scott-Medalje vir navorsing in Suid-Afrika, die Suid-Afrika-Medalje en Toekenning vir die bevordering van die wetenskap en die Havenga-prys vir Medisyne. Hy was, en is ook lid en ere-lid van 'n groot aantal wetenskaplike verenigings en het op baie kommissies van ondersoek gedien.

Dr. Du Toit se waardevolste bydrae was egter sy groot aandeel om, as opvolger van die beroemde Sir Arnold Theiler as Direkteur van Veeartsenykundige Dienste, Onderstepoort tot een van die bekendste navorsingsinrigtings ter wêreld te maak.

DIE STELLENBOSSCHE DISTRIKSBANK BEPERK

Stellenbosch en omgewing se eie

DISTRIKSBANK

Die enigste in die

REPUBLIEK

U navrae en 'n besoek word verwelkom

ook te

KUILSRIVIER EN KRAAIFONTEIN

M·A·T·I·E spells .....

GM 599

Ja, ons weet wat dit spelle! Grosvenor daarenteen, staan vir die Kaap se vooraanstaande Ford-handelaars en garagediens.
Kom besigtig die nuutste Ford-modelle in ons toonkamers — die elegante Galaxie en Fairlane, twee groot motors van formaat; die Zodiac, Zephyr en Taunus, middelslagmotors met ongeewenaarde weelde, en die pragtige, gewilde Anglia en Cortina.
As u weer eendag in Kaapstad is, bel gerus 2-5521 vir 'n afspraak om u eie motor deeglik te laat nasien — ons voortreflike garagediens as gemagtigde Ford-handelaars is wyd en syd bekend.

Grosvenor Motors

STRANDSTRAAT 73, KAAPSTAD. BEL 2-5521

DIE „MATIELAND"-FONDS

Sedert ons 'n jaar gelede bydraes tot die *Matieland-fonds* erken het, het net 30 oud-Maties van hulle laat hoor. Teenoor hulle betuig ons opregte dank en waardering. Ongeveer 10 persent van die 10,000 lesers van *Matieland* het tot dusver gereageer op die wenk dat so 'n fonds in die lewe geroep moet word. Ons maak staat op die ander 90 persent om die Fonds so te versterk dat 'n aansienlike deel van die druk- en verspreidingskoste van die blad daaruit gedek kan word. Vir u gerief word die meegaande strokie ingesluit. Voltooi dit en stuur dit saam met u bydrae aan: Die Hoof, Afdeling Openbare Betrekkinge, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Naam en Adres	*Bedrag* R
Totaal (tot 7 Maart 1962)	2,747.03
Bosch, Mnr. J. F., Brandwag, Mosselbaai	2.00
Botha, Mnr. en Mev. C. V., Los Angeles 42, Troyestraat, Sunnyside, Pretoria	2.00
Botha, Mev. M. C., Loganstraat 22, Touwsrivier	2.00
Boyes, Mnr. W. W., Posbus 1448, Kaapstad	2.00
Brandt, Mnr. C., Cornelisstraat 18, Pk. Villiers, O.V.S.	6.00
Brede, Prof. H. D., Karl Bremer Hospitaal, Bellville	10.00
De Beer, Mnr. D. W., p.a. Voortrekkerapteek, Bloemfontein	10.00
De Jager, Mnr. C. J., Posbus 8, Milnerton, K.P.	4.00
De Jongh, Mnr. L. J., Posbus 72, Grootvlakte, Rawsonville	4.05
Ganschow, Mnr. W. K. H., Posbus 443, Otjiwarongo, S.W.A.	3.00
Grobler, Mnr. J. M., Altenawoonstel no. 6, Stellenbosch	4.00
Grosskopf, Mnr. en Mev. O. G. P., Richardstraat 480, Hatfield, Pretoria	2.06
Hofmeyr, Dr. S. J. G., Cayuga, Paarl	2.05
Keller, Ds. M. J., Posbus 26, Prins Albert	3.00
Krige, Ds. W. A., Posbus 37, Kleinmond	2.00
Loubser, Mnr. J. S., Posbus 89, Swellendam	2.00
Mackensie, Mev. P., Rosenstraat 39, Highlands North, Johannesburg	2.00
Malherbe, Mnr. en Mev. G. J., Posbus 432, Tsumeb, S.W.A.	2.10
Marais, Dr. W. D., Bosberg, Pk. Bergvliet, Kaapstad	2.00
Pauw, Dr. J. J., Sanlamgebou 1312, Smithstraat, Durban	10.00
Peens, Mnr. J. G., Posbus 82, Potgietersrus	4.20
Riedemann, Mnr. G. J., Nantestraat 5, Paarl	4.00
Rossouw, Dr. G. J., Posbus 55, Goree, Robertson	5.20
Sadie, Mnr. J. P. S. P., Posbus 1013, Johannesburg	2.50
Tindall, Wyle Oud-Regter B.A., Posbus 130, Kaapstad	2.10
Truter, Mnr. F. C., Hoërskool, Bonnievale	2.00
Van der Merwe, Ds. B. J., Vilonelstraat 10, Senekal, O.V.S.	10.00
Van der Poel, Mnr. H. R., Posbus 2799, Kaapstad	5.00
Van Vuuren, Mnr. W. J., O'Kiep, Namakwaland	1.00
Viljoen, Mev. J. M., „Tuisbes", Voortrekkerstraat, Luckhoff, O.V.S.	2.00
Totaal (tot 13 Februarie 1963)	R2,861.29

L.W.: Alle tjeks en posorders moet asseblief aan die „Matieland"-fonds betaalbaar gemaak word.

Ons eer hul nagedagtenis

Mnr. D. J. Kriel (1887 - 1962)

NAMENS duisende mede-oudstudente van die Universiteit wens ek hiermee, in dankbare herinnering, 'n kransie te lê op die graf van wyle mnr. D. J. Kriel, voormalige Registrateur van die Universiteit, wat op 1 Desember 1962 in die hospitaal op Stellenbosch oorlede is.

Na verwerwing van die B.A.-graad aan die ou Victoria-Kollege in 1911, het mnr. Kriel vir die daaropvolgende ses/sewe jaar onderwys gegee — eers op Caledon, en toe aan die Hoër Jongenskool, Stellenbosch — totdat hy op 1 Julie 1918 aangestel is as Assistent-Registrateur van die Universiteit. Ongeveer vyf jaar later is hy bevorder tot Registrateur, welke betrekking hy beklee het tot 31 Maart 1956 toe hy met pensioen afgetree en op Hermanus gaan woon het.

Op hierdie lang pad van nagenoeg 38 jaar het mnr. Kriel, saam met die ander bouers van die Universiteit, diep en onuitwisbare spore getrap — spore wat altyd sal getuig van die groot aandeel wat hy as hoof-administratiewe beampte van die Universiteit gehad het in die ontwikkeling van die ou Victoria-Kollege met sy paar honderd studente in 1918, tot 'n groot selfstandige inrigting met 'n paar duisend studente in 1956.

Diegene van ons wat tot die ouer geslag behoort, en wat genoemde ontwikkeling tot 'n mindere of meerdere mate meegemaak het, weet maar al te goed met watter toegewydheid en liefde mnr. Kriel sy taak onderneem het, en dat hy in die uitvoering daarvan geen lof en eer vir homself gesoek het nie. Deur sy innige vriendelikheid en opregtheid het hy die agting en liefde afgedwing van elkeen met wie hy in aanraking gekom het. Geen wonder dus dat sy kennisse en vriende hom in die latere jare van sy lewe die ere-naam van „Oom David" gegee het nie.

As dit ooit van iemand gesê sal kan word dat hy aan die Universiteit gegee het alles wat hy gehad het, dan sal dit onteenseglik van wyle Oom David gesê kan word. Hy het inderdaad

> die goeie stryd gestry,
> die wedloop voleindig,
> en die geloof behou

soos ds. J. S. Gericke in sy treffende huldigingsrede by die teraardebestelling opgemerk het.

S. J. Pretorius, REGISTRATEUR.

Jo McLachlan

MET die heengaan van Jo McLachlan (tant Jo vir almal wat haar geken het) het die Universiteit van Stellenbosch een van sy begaafdste (of moet ons liewer sê, begenadigdste?) alumni verloor. So 'n indruk sou ons nie gekry het uit die koerante ná haar dood op 19 Desember 1962 nie. Maar juis daaruit kry ons 'n veelseggende tipering van haar lewe: geen ophef, geen sensasie nie; net 'n stroom wat stil en diep gevloei het en wat lafenis aan duisende lewens gebring het.

Verstandelik was sy bo die gemiddelde — getuie daarvan was die feit dat sy in 1923 haar B.A. met lof verwerf het. Leierstalent het sy vroeg reeds geopenbaar soos bewys word deur haar verkiesing op die S.R. in 1924 saam met sulke manne soos die huidige hoofregter, dr. L. C. Steyn, en die hoof van W.N.N.R., dr. Meiring Naudé. Vanaf 1925 was sy vir tien jaar lank onderwyseres in Transvaal, 'n werk wat sy met besondere toewyding en liefde gedoen het. En toe het die groot uitdaging gekom om die rustigheid en gerief van die lewe van 'n onderwyseres te verruil vir die onsekere, onbestendige, veeleisende en dikwels ontmoedigende lewe van 'n reisende sekretaresse van die C.S.V. Daardie uitdaging het sy aanvaar en vir byna 21 jaar feitlik uit koffers gelewe, geweldig veel opgeoffer en ontsettend veel verduur. Maar nooit sou 'n mens iets daarvan by haar bemerk nie: altyd blymoedig, opgeruimd, gretig om te dien, om te gee. En wat het sy nie alles gegee nie! Haar groot hartstog, wat *nooit* verflou het nie, was om studente met Christus in aanraking te bring. En dit het sy gedoen met groot ewewigtigheid en diepe oortuiging. Sy kon altyd gee omdat sy fris gebly het, altyd op hoogte, steeds 'n student, veral 'n uitstaande Bybelstudent, altyd gereed om van ander te leer. Benewens haar wonderlike Bybelkennis en die vermoë om dit mee te deel, was maklike en gesellige omgang met studente 'n uitstaande kenmerk van haar. Dit het veral tot openbaring gekom in die groot aantal kampe waarin sy die verantwoordelikheid gedra en die leiding op haar geneem het en waar sy moontlik die diepste spore op die meeste lewens nagelaat het.

Vir die laaste vyf jaar van haar lewe was sy in diens van die N.G. Kerk op Stellenbosch — nog steeds die tant Jo van duisende studente wie se vertroueling sy al meer geword het. Geen haastige koerantberigte nie, maar dank-

Wyle Mnr. D. J. Kriel.

Mej. Jo. McLachlan.



Wyle Oom Bob Loubser.

baarheid in duisende harte is die huldeblyk aan haar wonderlike lewe.

Ds. W. S. Conradie.

Mnr. F. A. Steytler

Mnr. Frederick Albert Steytler, bekende opvoedkundige en kenner van die geskiedenis van die Groot Trek en die Tweede Vryheidsoorlog, is op 27 Desember 1962 in Pretoria oorlede. Hy het in 1918 die M.A.-graad in Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch behaal.

Wyle mnr. Steytler was onderwyser op Fauresmith en Kroonstad voordat hy in 1921 skoolhoof op Ladybrand geword het. In 1928 is hy bevorder tot Inspekteur van Onderwys en later tot Hoofinspekteur te Bloemfontein. Na sy aftrede in 1950 het hy argivaris van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap geword en het drie jaar in die Imperiale Argief in Londen navorsing gedoen in verband met die Tweede Vryheidsoorlog.

In 1954 het mnr. Steytler uit Londen teruggekeer en voortgegaan met die sortering en rangskikking van die stof wat deur hom, dr. W. J. de Kock en prof. C. J. F. Muller in Londen en in die Verenigde State versamel is. Die werk wat hy gedoen het, het onder meer die vasstelling van die roetes wat die verskillende trekgeselskappe in 1838 uit die Kolonie gevolg het, ingesluit.

Mnr. J. A. (Bob) Loubser

Mnr. J. A. (Oom Bob) Loubser, een van die bekendste en mees geëerde en beminde inwoners van Stellenbosch, is op 7 Desember 1962, aan sy huis in Dorpstraat oorlede. Stellenbosch sal hom onthou as landmeter, as beskeie maar kragdadige werker in belang van die gemeenskap en as gevierde rugbyvleuel.

Mnr. Loubser het sy skoolopleiding op Klipheuwel, in die Paarl en aan die Hoër Jongenskool op Stellenbosch ontvang. Daarna het hy sy studies aan die Victoria-Kollege voortgesit en in 1908 die teoretiese landmeterseksamen afgelê. Tot 1913 was hy as mynlandmeter by die Jupitermyn naby Germiston werksaam en daarna het hy as gewone landmeter op Laingsburg en, vanaf 1924, op Stellenbosch gepraktiseer. As landmeter was hy hoog aangeskrewe. Hy was verskeie jare voorsitter van die Landmetersinstituut en lid van die Kaapse Landraad. Hy was ook voorsitter van die Munisipale Burgerlike Vereniging op Stellenbosch, lid van Het Jan Marais-Fonds tot aan sy dood, en vyf jaar lank L.V. vir Stellenbosch.

In 1962 het mnr. Loubser die vermaarde „Oubaas Mark" Markötter as Ere-President van die Stellenbosse Rugbyklub opgevolg. En watter waardige opvolger was hy nie vir die geliefde Oubaas nie! Nie alleen het Oubaas Mark hom as rugbyspeler „gemaak" nie, maar hy was waarskynlik die grootste regtervleuel wat Springbokland nog opgelewer het. Saam met Japie Krige en P. K. Morkel het Oubaas Mark hom as een van die drie grootstes onder die grotes bestempel. In 1903, toe hy maar 19 jaar oud was, het hy vir die eerste keer vir Suid-Afrika gespeel en daarna weer in 1906 en 1910. In 1906 was hy lid van Paul Roos se eerste Springbok-toerspan na Groot-Brittanje.

Mnr. Loubser was getroud met mej. Jean Neethling, dogter van die bekende dr. Jan Neethling wat ook 'n groot rugbygeesdriftige was. Hulle het twee seuns en 'n dogter.

MEER AS 41,000,000,000 KEER PER JAAR ROOK DIE WÊRELD 'N LUCKY



GEE DIE MAN 'N LUCKY!

Staal

VIR VOORUITGANG!



Staal is die fondament vir nywerheidsontwikkeling in elke vooruitstrewende land. Met 'n huidige produksiepeil van meer as 2,350,000 gietblokton per jaar, voorsien die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie, Beperk (YSKOR), verreweg die grootste deel van Suid-Afrika se staalbenodigdhede.

Ten einde tred te hou met die steeds stygende vraag na staal, het YSKOR 'n nuwe uitbreidingskema aangepak wat ongeveer R560-miljoen sal kos en sy jaarlikse produksievermoë oor tien jaar op tussen 4,350,000 en 4,500,000 gietblokton te staan sal bring.

Daar bestaan geleenthede vir interessante en lonende betrekkings in hierdie groeiende onderneming, wat werke op Vanderbijlpark en in Pretoria en ses mynsentrums omvat. YSKOR het die dienste nodig van chemiese, elektrotegniese, metallurgiese, mynboukundige en werktuigkundige ingenieurs, terwyl gegradueerdes in wetenskappe, lettere en handel in sy tegniese en administratiewe departemente geplaas kan word.

YSKOR-werknemers geniet die voordele van 'n pensioenskema, mediese bystand, 'n vakansiebonus, 'n huiseienaarskema, 'n groeplewensversekeringskema, ontspanningsgeriewe en ander welsynfasiliteite. Verdere studie word aangemoedig deur die verskaffing van omvattende onderwysgeriewe.

Oorweeg u 'n loopbaan in die staalbedryf? Skryf dan gerus om nadere besonderhede aan die Bestuurder, Departement Personeel.

SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL
INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK
HOOFKANTOOR: POSBUS 450 PRETORIA

na aksie..
satisfaksie

vol-ja smaakvol

VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA VIR RIGGIO TOBACCO CORPORATION OF NEW YORK LIMITED.

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery, Bpk. — Elsiesrivier